GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS: DISTRIK D2 & D16

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 3
GRAAD 10
MEI 2017

PUNTE: 100 **TYD: 3 UUR**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings, naamlik:

AFDELING A:	**Opstel**	**(50)**
AFDELING B:	**Langer transaksionele teks**	**(30)**
AFDELING C:	**Korter transaksionele teks**	**(20)**

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin elke afdeling op ’n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld ‘n kopkaart of ’n vloeidiagram of sleutelwoorde, ens. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Dit word aanbeveel dat jy ’n streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só:
   AFDELING A: 80 minute
   AFDELING B: 40 minute
   AFDELING C: 30 minute

8. Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif bo-aan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

AFDELING A: OPSTEL

- Skryf ’n opstel van 150-200 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.

1.1 My land, my kultuur. [50]

1.2 Ek is niks sonder my selfoon. [50]

1.3 Die nuwe onderwyser is..... [50]

1.4 Dit was die lekkerste dag van my lewe! [50]

1.5 Doen weg met haar-en klerereëls! [50]

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf ’n OPSTEL daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.

LET WEL: Daar moet ’n duidelike verband tussen die opstel en die prent wat jy gekies het, wees.

1.6.1

[@can Stock Photo Clip art]

[50]

1.6.2

[@can Stock Photo Clip art]

[50]

1.6.3

[@can Stock Photo Clip art]

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120-150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.

2.1 **VRIENDSKAPLIKE / INFORMELE BRIEF**

Jou skool beplan Erfenisdag- (*Heritage Day)* feesvieringe.

Skryf 'n INFORMELE BRIEF aan jou vriend/in waarin jy hom/haar meer hieroor vertel. [30]

2.2 **HULDEBLYK**

Een van jou tannies is onlangs oorlede. Sy was baie geliefd en het baie vir jou en jou gesin beteken.

Skryf 'n **HULDEBLYK** wat jy by die begrafnisdiens oor haar gaan lewer, neer.

[30]

2.3 **RESENSIE**

Jy het onlangs by die nuwe "*BURGER KING"* hamburgers gekoop.

Skryf 'n RESENSIE vir die skoolkoerant oor die eetplek waarin jy dit of aanbeveel of nie. [30]

2.4 **DIALOOG**

Jy is gedurig laat vir skool en moet nou aan jou onderwyser verduidelik hoekom jy laat kom.

Skryf die DIALOOG tussen jou en jou onderwyser neer. [30]

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80-100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.

3.1 **PLAKKAAT**

Jou troeteldier het gister weggeraak.

Ontwerp 'n PLAKKAAT waarin jy die gemeenskap vra om jou te help soek na jou troeteldier.
Onthou om jou kontakbesonderhede op die plakkaat aan te dui. [20]

3.2 **DAGBOEKINSKRYWINGS**

Om te wag vir jou 16de verjaarsdagpartytjie! Jou ouers het besluit om jou vir die eerste keer met 'n partytjie te bederf.

Maak die volgende **dagboekinskrywings** vir TWEE dae.

Jou gevoelens en gedagtes die dag VOOR die partytjie.

Jou gevoelens en gedagtes die dag NA die partytjie.

3.3 **INSTRUKSIES**

Jou vriend/in gaan saam met 'n maat na die Winterbal. Dit sal die eerste keer wees wat hy/sy uitgenooi word na so 'n dans.

Skryf SEWE instruksies vir jou vriend/in neer oor hoe hy/sy hom/haar by die dans moet gedra. [20]

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL : 100